

Dr. G. C. BERKOUWER, Dogmatische Studiën, De Heilige Skrif I. Kok. Kampen, 1966.

Die belangrikheid van die „Dogmatische Studiën” van Berkouwer en die plek wat hy inneem in die kontemporêre teologiese denke word duideliker met die publikasie van elke nuwe boek in hierdie reeks. Dit is ook weer duidelik bewys deur hierdie jongste studie wat handel oor die Heilige Skrif. Ongetwyfeld word andermaal daarin bewys dat Berkouwer een van dié leidende teoloë is van ons tyd en as daar ’n verskuiwing (of vernuwing) in die Gereformeerde teologiese denke in die huidige tyd geboekstaaf moet word teenoor die tyd van Kuyper en Bavinck, dan moet dit vir geen geringe mate toegeskryf word aan Berkouwer.

Die verskuiwing of vernuwing en wat dit inhou, sal deurgaans by bespreking van die inhoud van die boek, bemerkt kan word. Ter gerusstelling word egter verwys na ’n onomwonde uitspraak van Berkouwer waarmee hy hierdie eerste deel oor die Heilige Skrif afsluit en wat die mees sentrale vraagstuk aangaande die Skrif, nl. die vraagstuk van gesag aanraak: „Het spreken over „de Heilige Skrif” dreigt in onze tijd met z'n vele nieuwe nog onopgeloste vragen over te gaan in een fluistering, waarin dan uiting gegeven wordt aan de gedachte, dat we ons in een onvermijdelijke overgang bevinden van de omgang met een *betrouwbare* naar een in menig opzicht *onbetrouwbare* Skrif. Het is van groot belang ervan doordrongen te worden, dat men op *deze* weg een onafwendbare crisis scheidt in de belijdenis der Heilige Skrif, die men dan liever niet meer — in de kerk of in het getuigenis — met de *Trooster* in verband moet brengen. De bezinning over de Heilige Skrif, haar theopneustie en gezag *kan* niet geschieden in een *afgedwongen* concessie aan een nieuwe hermeneutische problematiek en aan de „aanleiding” der wetenschap, maar alleen in het uitzicht op *die* betrouwbaarheid der Heilige Skrif, die het mogelijk maakt zich in vol vertrouwen op haar gezag te verlaten en haar boodschap te prediken.”

Wat die boek in die algemeen betref, dra dit dieselfde karakter as sy voorgangers, nl. dat die outeur met groot belesenheid en kundigheid allerlei probleme aansny wat vir sy onderwerp relevant is en gaandeweg as ’t ware tot duidelikheid kom. Verder slaag hy daarin om ondanks ingewikkelde teologieswetenskaplike besinning en diskussie, tog midde in die volle werklikheid van die gemeentelike interesse van woordbediening en pastorale arbeid te staan. Wat ten seerste te waardeer is, is dat Berkouwer ook in hierdie studie hom geheel en al ontworstel het aan die skolastiek wat so ’n sterk invloed op Kuyper en selfs op Bavinck gehad het. Vandaar dat hy oor die Heilige Skrif spreek, met voortdurende beroep veral op die Reformasie, met ’n soberheid en onbevangenheid wat die Gereformeerde konfessie ook kenmerk.

Dit is opvallend dat Berkouwer in sy behandeling van die vraagstukke rondom die Skrif prioriteit gee aan die vraagstuk van Heilige Skrif en sekerheid.

Ander dogmatici gee voorrang aan sake soos inspirasie, die eienskappe van die Skrif, ens. Genoemde benadering van Berkouwer is seker te verklaar uit een van die grondmotiewe van sy hele teologiese opset, nl. die korrelasie tussen openbaring en geloof. Vir hom is dit nie moontlik om oor die

Heilige Skrif te handel buite die betrokkenheid op die geloof aan die Heilige Skrif om nie. Hy verwerp dan die kritiek dat hierdie uitgangspunt sou lei tot subjektivering van die Heilige Skrif want vir hom word die suiwere geloofskorrelasie juis beslissend bepaal deur die *gerig wees* van die geloof op God en sy Woord. Die Woord van God is dus nooit formeel-gesaghebbende bron van neutrale informasie oor God, mens en wêreld nie, maar dit is altyd die Woord van die lewende God, wat oproep tot geloof in Christus.

Berkouwer gee hom verder in die eerste hoofstuk rekenskap van die sg. historiese kritiek op die Skrif, wys op die gevare daarvan maar registreer tog 'n sekere positivum daarin. Die historiese kritiek het nl. die oë daarvoor geopen dat ons relasie tot die Skrif nie los te maak is van alle historiese insig nie en verder het dit ons laat verstaan dat die goddelike karakter van die Woord geensins die kontoere van die *menslike* getuienis daarin laat vervaag nie, maar daarvoor ten volle ruimte skep. Daarom moet die docetisme sowel as die fundamentalisme afgewys word. Berkouwer beroep hom op Bavinck wat in sy Dogmatiek die Skrifkritiek wel skerp veroordeel maar aan die anderkant ook waarsku teen 'n starre ortodoksie wat uit vrees vir en reaksie teen die Skrifkritiek die Skrifgesag en Skrifgeloof gaan formaliseer met miskenning van die waarheid dat die geloof en sy sekerheid nie kan bestaan sonder sy betrokkenheid op die inhoud, die boodskap van die Skrif.

In die tweede hoofstuk handel Berkouwer op weergalose wyse oor die uikers aktuele onderwerp wat tans in die sentrum van teologiese belangstelling en diskussie staan, nl. die verhouding van Woord en Gees. Hy verwerp die getuienis van die Gees in sy betrokkenheid op die Skrifgeloof as 'n aparte, mistieke en supra-naturele getuienis omdat dit dan in 'n konkurrensieverhouding te staan sou kom tot die Skrif en sy gesag. Die getuienis mag ook nie op die formele autoriteit van die Skrif, afgesien van sy boodskap, betrek word nie, sodat dit ons as 't ware vooraf eers van die goddelikheid van die wondervolle boek sou oortuig om dan eers daarna ons te konfronteer met die inhoud daarvan nie. Die Skrif is nooit, afgesien van sy boodskap, voorwerp van die testimonium nie. Hierdie siening van die saak het Berkouwer nie alleen by Kuyper en Bavinck nie, maar ook selfs by Calvin ontdek. Dit lê dus volkome in die lyn van die gereformeerde Skrifbeskouing.

Verder verklaar Berkouwer, en dit is van beslissende betekenis, dat die belydenis van die getuienis van die Heilige Gees volgens die Nuwe Testament betrekking het op die waarheid en die heil in Christus. Skrifgeloof en Christusgeloof word deur die getuienis van die Gees onafskeidelik of, anders gestel: die geloof in die Skrif is deur die getuienis van die Gees nie los te maak van die geloof in Christus nie.

Kernvraag is nou: Is die getuienis van die Gees naas die werking van die Woord 'n tweede, daarby komende werking sodat dit as 't ware die subjektiewe prinsipe vorm naas die Skrif as objektiewe prinsipe of val die getuienis van die Gees saam met die selfevidensie en die kragdadige werking van die Woord? Word die krag en die oorwinning van die Gees, m.a.w. tot uitdrukking gebring in die kwalifisering van sy werk as „cum verbo” (met die Woord) of as „per verbum” (deur die Woord)?

Hierdie kernvrae is in die verlede deur teoloë verskillende beantwoord. Voorstanders van eersgenoemde opvatting (cum verbo) was o.a. Kuyper, Bavinck, Greydanus en voorstanders van laasgenoemde opvatting (per verbum) was o.a. Woelderink, Haitjema, Otto Weber en Karl Barth. Berkouwer

kom tot die verrassende en heeltal legitieme uitspraak dat sowel die „cum“ as die „per“ gebruik kan word sonder om aan die misterie van die werking van die Woord en die Gees te kort te doen. In elk geval geskied die getuienis van die Gees nooit „sine verbo“ (sonder die Woord) nie. Waarskynlik is hierdie konklusies wat Berkouwer trek, dié groot verdienste van die hele boek.

In die derde hoofstuk wat handel oor die Heilige Skrif as kanon, hoor 'n mens bekende klanke deurdat Berkouwer stelling inneem met egte gereformeerde afweergeskut teen die historiese kritiek wat die Skrif as kanon totaal gaan relativer het. Omdat elke nota canonicitatis in beginsel sou lei tot opheffing van die kanon self, verwerp Berkouwer dit saam met F. W. Groshede, C. Ch. Aalders en H. N. Ridderbos. Onbevredigend as verklaringsprinsipe vir die kanonproses vind hy ook allerlei verwysing na 'n besondere leiding van God, die getuienis van die Gees en die outoriteit van die kerk. Die enigste suiwer beskouing van die kanon lê in sy heilhistoriese grondslag. In die kanon het die kerk naamlik in die geloof sy heilhistoriese fondament gevind.

In die laaste hoofstuk wat handel oor Gesag en Vertolking betree Berkouwer veral die uitermate belangrike en veelal omstrede terrein van die Hermeneutiek. Ook hier boor hy onmiddellik die kern van die vraagstuk oop deur daarop te wys dat die toegang tot die geskrewe woord, wat die heilsboodskap bevat, wel ooplê, maar deur die gesteldheid van die hart kan daar sprake wees van 'n „bedekking“ sodat dit tog nie verstaan word nie. Vir wie hom tot die Here bekeer, word die bedekking weggeneem en kom daar in Christus duidelikheid.

Na afwysing van die sg. pneumatiese eksegeese, die teologiese eksegeese van Barth en die ontmitologiseringsbenadering van Bultmann, onderstreep hy die betekenis van die reformatoriese Skrifbelydenis, soos dit tot uiting kom in die unieke uitlegreël dat die Skrif sy eie vertolker is. Dit is 'n geweldige geloofsbelydenis in verband met die Skrif. Die Skrif word eers reg bely as ons dit sien as instrument van die Gees en sy bevrydende werk in hierdie wêreld.

Hierdie uitlegreël dat die Skrif sy eie vertolker is, sluit, volgens Berkouwer, die nuwe besinning nie uit nie. Daar is ruimte om die sg. „meerder lig“ oor verskillende vraagstukke in vryheid en met behoedsaamheid te verdiskonteer sonder aantasting van die betroubare boodskap of die gesag van die Skrif.

Besorgdheid oor allerweë erkende „meerdere lig“ mag nie lei tot tradisionalisme nie wat inhou 'n tersydestelling van alle nuwe vraagstukke uit vrees dat die eenvoud van die geloof verlore sou gaan. Veeleer moet gevra word in hoeverre die „meerdere lig“ en die ontdekking van die wetenskap diensbaar kan wees aan 'n dieper en suiwerder verstaan van die Heilige Skrif.

Met hierdie stellingname, soos trouens in die hele boek, bewys Berkouwer dat hy, gerugsteun deur die Reformasie, perspektief behou en die werklik goue middeweg bewandel tussen konservatisme en progressiwiteit.

In 'n tyd waarin die Bybel 'n omstrede boek geword het en waarin selfs in gereformeerde kringe hardop geteologiseer word oor „reduksie“ en „relativering van gesag“, is dit salwend om 'n man van die formaat van Berkouwer pal te sien staan met die belydende kerk by die betroubare en gesaghebbende Woord van God.

S. C. W. Duvenage.